



Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

MEER IS NIE ALTYD BETER NIE

Byvoegmiddels word gebruik om gewas-beskerming produkte (GBP) in staat te stel om meer van hul potensiaal te bereik. Behoud, verspreiding van spuitdruppels en opname word vir optimale GBP effektiwiteit benodig. Benatters en olies word gebruik om al drie hierdie behoeftes aan te spreek. Daar is 'n persepsie dat hoe meer benatters versprei, hoe hoër die effektiwiteit van die GBP sal wees. Daarom word benatters met 'n uitermatige verspreidingsvermoë verkies bo produkte wat nie baie versprei nie.

Buffers word gebruik om die pH van die spuitoplossing te verlaag, hoofsaaklik om alkaliese hidroliese van insekdoders te beperk. Dit word egter ook met ander GBP gebruik wanneer 'n laer pH benodig word. Buffers wat meer geredelik die pH van alkaliese water verlaag, word dikwels verkies.

Hierdie persepsies kan baie gevaarlik wees omdat elke individuele GBP verskillende behoeftes het en meer is nie altyd beter nie.

Verspreiding

Massiewe verspreidingsvermoë sal benodig word wanneer 'n GBP op geweldige was-agtige blare toegedien word of die plaag op moeilik bereikbare plekke teenwoordig is. Dit kan ook help wanneer 'n GBP op groot plante toegedien word waar afloop benodig word om die teiken te bereik. Te veel verspreiding van die spuitdruppels kan egter 'n nadeel vir sekere onkruidodders soos glifosaat wees. Dit is in sekere navorsing bewys dat glifosaat meer geredelik uit druppels opgeneem word wat nie te veel versprei nie. Uitermatige verspreiding kan ook afloop, met al die probleme daaraan verbonde, veroorsaak. Ons moet dus nie benatters en olies alleenlik op hulle verspreidingsvermoë meet nie, maar eerder op hulle vermoë om die aktiwiteit van die GBP te

verhoog. Behoud en opname is ook belangrike redes waarom sekere benatters en olies meer effektief met spesifieke GBP presteer.

pH

Dit is uiters belangrik om die pH van sekere GBP spuitoplossings te verlaag indien die etiket dit aanbeveel. Dit kan alkaliese hidroliese van insekdoders vertraag of die effektiwiteit van die GBP verhoog. Maak egter asseblief seker dat die buffer wat jy gebruik 'n sekere meganisme of aanduiding van die korrekte pH het. Alhoewel pH-verlaging belangrik vir sekere GBP is, kan oormatige versuring ernstige effektiwiteit beperkende probleme veroorsaak. Onthou dat 'n 1-punt verlaging op die pH skaal, 'n 10-voudige verhoging in versuring beteken! Te veel versuring het verskeie nadele, maar 'n belangrike nadeel is die oplosbaarheid van sekere GBP. GBP wat versuring vereis, word diwels in tenkmengsels toegedien.

Oormatige versuring kan die oplosbaarheid van tenkmengsel produkte benadeel wat die kans op verlaagde effektiwiteit en onmengbare spuitmengsels kan verhoog. Dit kan 'n massiewe probleem in water met 'n lae bufferkapasiteit wees.

Villa se mening

Byvoegmiddels verskaf eienskappe wat belangrik is om GBP te bevorder. Te veel van 'n sekere eienskap kan egter die effektiwiteit belemmer. Dit is belangrik om van die GBP se behoeftes bewus te wees en om die etiket aanbevole byvoegmiddel te gebruik. Die verkeerde verspreidingsvermoë of pH kan onaanvaarbare beheer veroorsaak. Uitermatige lae pH is ook een van die hoof bydraende faktore tot onmengbare spuitmengsels.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za